24 Oktober 2011

Geagte Ouers/Voogde

Boelies op skole is ‘n globale probleem, en Laerskool Queenswood is tans besig om die probleem vierkantig in die oë te staar. Dis ‘n probleem wat nooit sal verdwyn nie, maar moet baie sensitief en daadwerklik bestuur word.

’n Kind wat oor ’n lang tyd heimlik deur ’n sterker een afgeknou word, is dikwels so vasgevang in ’n web van vrees dat hy nie maklik self die grootmense van die boelie in sy lewe sal vertel nie. Dit is waarom sy maats, broers of susters (as hulle van die afknouery te hore kom) van hul eie vrese moet vergeet en die bullebak moet ontmasker...

Die bullebak, word hy genoem. Of sommer die boelie, na die Engelse woord “bully”. ’n Ander woord vir hom is die afknouer—en dit beskryf presies wat hy doen.

Moontlik marsjeer hy in die pouses met bak arms op die skoolterrein rond en knou hy die weerlose kleintjies af wanneer hy ook al die kans kry. Miskien het hy ook ’n paar jillende meelopers wat hom op ’n vreemde manier “bewonder” wanneer hy ’n swakker kind se gesig sadisties in ’n plas modderwater druk of hom hardhandig stamp sodat hy agteroor op die grond val.

Ander bullebakke, weer, is nie naastenby so fisiek nie. Maar hulle skep ’n sieklike behae daarin om sweepslae met hul tonge uit te deel en veral teruggetrokke kinders aanhoudend te verneder wat hulself nie verbaal (met hul monde) kan verdedig nie.

In die laasgenoemde geval is die afknouers en hul slagoffers baiemaal meisies. Trouens, waar ons in hierdie artikel van “hy” praat, kan in feitlik al die gevalle ook “sy” gelees word.

Om sake te vererger, hou bullebakkery nie in die skooljare op nie. Dit word ook in baie werkplekke bedryf deur grootmense wat hul gesagsposisie misbruik deur oormatig geniepsig of selfs wreed teenoor een of meer lede van die junior personeel te wees.

En miskien is dit juis mense wat venynig op skool geboelie is, wat as volwassenes—dalk onbewustelik—hul destydse gekrenktheid probeer wreek deur aan ander te doen wat aan hulle gedoen is...

Waarom boelie kinders?

NAVORSING toon dat afknouery ’n wêreldwye probleem is. Dit ken geen internasionale afbakenings, maatskaplike grense of etniese perke nie. Dit kom vrywel in alle skole voor. Om die waarheid te sê, daar is ’n merkwaardige ooreenkoms in die voorkoms van hierdie onsmaaklike soort baasspelery van land tot land en van skool tot skool.

Elke skool moet dus bewus wees van bullebakkery se omvang en impak—en stappe doen om dit te keer sodra dit kop uitsteek. Waar die probleem reeds bestaan, maar deur opvoeders geïgnoreer of gering geskat word, sal die leerders aan teisterings en folteringe blootgestel bly.

Maar afknouery in die kindertyd kan mense selfs lewenslange skade berokken. Sowel die bullebakke as dié wat gereeld deur hulle geboelie word, loop gevaar om op die ou end kriminele te word.

Die volgende waarskuwing van ’n gerekende opvoedkundige moet dus in ’n baie ernstige lig beskou word: “ ’n Skool wat nalaat om iets omtrent bullebakkery te doen, kan sy leerders emosioneel en akademies geweldig ontwrig deur toe te laat dat ’n vyandelike omgewing met hul gevoel van veiligheid en hul studies inmeng.” Gelukkig, voeg hy by, “is daar klinkklare getuienis dat optrede deur skole die voorkoms van afknouery dramaties kan verminder” .

Om die probleem aan te spreek, sê sosioloë, moet daar waar moontlik altyd begin word by die bullebakke self en geprobeer word om die rede vir hul wangedrag vas te stel. Baiemaal loop sulke boelies agter die fassade van bravade eintlik met ’n groot klomp onhanteerbare seer in hul binneste rond. Hulle is byvoorbeeld dikwels self die slagoffers van bullebakkery—miskien liefdelose en selfs onmenslik hardvogtige behandeling deur een ouer of altwee ouers, ’n ouer broer of suster of ander familielede tuis.

Hulle skreeu dan uit na die wêreld daarbuite om hulself te laat geld—en deur swakker kinders te boelie, voel hulle beter en meer in beheer.

Tog kan die jong geweldenaars se eie haglike omstandighede—wat dit ook al is—hoegenaamd nooit gebruik word om hul tirannieke gedrag te probeer regverdig nie. En hoe gouer hulle dit aan hulle tuisgebring word, hoe beter sal dit vir hulself en almal om hulle wees. Die bullebak het, waar dit enigsins moontlik is, intensiewe sielkundige behandeling nodig. Maar selfs net ’n bietjie liefdevolle belangstelling deur mense wat vir sulke maatskaplik ontwrigte kinders omgee, kan dalk wondere verrig waar ’n mens dit nooit sou verwag nie.

Omdat die slagoffers van bullebakke egter ongelukkig dikwels te bang is om daaroor te praat, word die afknouery in baie gevalle maande of selfs jare lank in die geheim verduur—tot almal se nadeel. Die hartseer is dat die probleem met die ingryping van kundiges bes moontlik gou opgelos kon gewees het.

Kinders moet dus vroeg geleer word dat hulle besliste regte het en dat hulle hul stemme moet verhef as daardie regte deur wie ook al geskend word. Niemand het die reg om iemand anders se liggaam te pynig nie. Niemand moet dink hy het die onbeteuelde vryheid om ’n medemens herhaaldelik in sy gees kwets nie.

Dis weliswaar makliker gesê as gedaan... om van jong slagoffers te verwag dat hulle huilend na die grootmense moet hardloop sodra iemand hulle boelie. Kinders worstel immers met allerhande vrese, soos dat die afknouer hulle later net baie erger gaan seermaak as hulle hom “verklik”. Ook die persepsie dat bullebakkery ’n deel van die grootwordproses is, lei daartoe dat slagoffers onwillig is om hul ouers en opvoeders van die afknouery te vertel.

REGS: ’n Kind wat deur ’n boelie bloedneus geslaan is, wag saam met sy ma in ’n dokter se wagkamer om behandel te word. In hierdie geval was die besering dalk te opvallend om te verswyg, maar dit gebeur baiemaal dat kinders dit vir hul ouers wegsteek wanneer hulle afgeknou word.

Foto ter illustrasie: National Library of Medicine / U.S. National Institutes of Health

Om hierdie redes weet broers, susters en maats van ’n geboeliede kind dikwels van sy verknorsing lank voordat sy onderwysers en pa of ma daarvan bewus is. Soms vra die slagoffer hulle om niks te sê nie. Ander kere bly hulle doodstil omdat hulle bang is dat die boelie ook vir hulle sal begin treiter as hulle vir die grootmense van sy afknouery vertel.

Ongelukkig beteken só ’n anderpadkykery gewoonlik dat die vergryp voortduur of dat die bullebak astranter raak en nog slagoffers kies. ’n Deel van ’n afknouer se opwinding kom juis van die reaksie van omstanders. As die omstanders niks doen nie, kan die boelie dink hulle keur sy optrede goed.

Leerders word aangemoedig om leerders wat hulle boelie by hulle voogonderwysers aan te meld, wat dit weer op hulle beurt na die kantoor kanaliseer, waar die inligting versamel en verwerk word. Die boelies in die skool word geïdentifiseer en aangespreek, met die klem op hulpverlening en vaardigheidsontwikkeling. Boelies moet geleer word hoe om die behoefte om te boelie te hanteer en te verwerk. Boelies moet nie geboelie word nie. Dit het geen langtermyn waarde nie. ‘n Kultuur van “dis nie cool om te boelie nie” moet by die kinders gevestig word. Kinders van Laerskool Queenswood en enige ander skool het die reg om veilig by die skool te voel.

Groete,

_____

Rico Ludick
Prinsipaal